

**BEROEPENUUS— 4 Mei 2014****Beroepe aanvaar**

Ds. G van Wyk van Pretoria-Brooklyn na Vanderbijlpark Trinitas

**Beroepe bedank**

Dr. JA Erasmus van Odendaalsrus en Louis Trichardt en Phalaborwa

**IS MENSE RYP VIR GEREFORMEERDE GETUIENIS (1) – deur prof. GJC Jordaan**

Voor sy hemelvaart het Jesus vir sy dissipels gesê: "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees" (Hand. 1:8). Met Pinkster het die Heilige Gees dan ook oor hulle gekom, en ook oor die kerk van alle eeue. Daarmee saam het ook die opdrag om sy getuies te wees opdrag van die kerk van alle tye en plekke geword.

**Die kerk se roeping om te getuig**

Die kerk het dus vandag nog die opdrag van die Here om sy getuies te wees. In die Suid-Afrika van ons tyd is dit nie maklik om 'n egte Christelike getuienis te laat hoor nie — nie net as gevolg van die geweld en onrus wat hoogty vier nie, maar veral as gevolg van die godsdienstige verwarring van ons tyd. Ongeveer tagtig persent van die inwoners van die land gee hulleself as Christene uit. Tog word dit by die dag duideliker dat daar by 'n groot deel van dié tagtig persent verwarring bestaan oor wat 'n ware Christen is.

Daarom het ons as gereformeerdes meer as ooit die taak om te getuig van wat die Here werklik leer. Die ware en suiwere leer is na ons hartsoortuiging deeglik saamgevat in ons gereformeerde belydenisskrifte. Die getuienis *wat ons moet laat hoor, moet dus 'n eg gereformeerde getuienis wees!*

Die vraag is egter: Is ons samelewing ryp vir 'n eg gereformeerde getuienis? Kan mense in die huidige Suid-Afrika werklik 'n gereformeerde getuienis onbevange aanhoor? Die rede vir hierdie vrae is die vermoede dat die mense in ons land geleer het om op eg humanistiese wyse te dink. En die humanisme staan lynreg teenoor die gereformeerde leer!

**Die samelewing ryp vir 'n gereformeerde getuienis?**

Die gereformeerde leer staan op die Bybelse getuienis van die verdorwenheid van alle mense. Die eerste deel van die Heidelbergse Kategismus begin by die ellende van die mens; dat die mens so verdorwe is dat ons geneig is tot alle kwaad, tensy ons deur die Gees van God weergebore word (So. 3). Die eerste woorde van die Dordtse Leerreëls is: "Alle mense het in Adam gesondig en hulle aan die vloek van die ewige dood skuldig gemaak." Ook die Nederlandse Geloofsbelijdenis handel in artikels 14 en 15 oor die aangebore boosheid wat uit die mens "opborrel soos water uit 'n giftige fontein". Daarin praat ons belydenisskrifte die Bybel na (byvoorbeeld Job 16:4; Ps. 14; Rom.7:23). *Word vervolg*

05/05—Paul Venter 0823939419	09/05— Andries du Plessis 0829235697
06/05— Pierre van Wyk 0722503681	09/05— Nisda Kruger 0722327157
07/05— Elsabé Venter 0826985537	09/05— Mariska Vorster 0846828402
09/05— Cherise de Jonge 0725912662	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer</i>

Bate geluk met u verjaarsdag

Eers wanneer die teleurstelling kom, ontdek 'n mens hoeveel die verwagting vir jou werd was— CJ Langenhoven

Die Krugerdjie

**Gereformeerde kerk Pretoria(d)**[www.gkpretoria.org.za](http://www.gkpretoria.org.za) OF[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: [kantoor@gkpretoria.org.za](mailto:kantoor@gkpretoria.org.za) Faks:0123265287

Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar

012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

Orrelis: Sr. Hanneljie Bezuidenhout : 0837415173

**04 Mei 2014****EERSTE EREDIENS—(9h00)****Skriflesing:** Mattheus 22:41– 23:39**Teks:** Mattheus 22:45; 23:11-12;23:23**Sing:** Ps. 7:1,6; Ps. 40:6; Ps. 91:1,2; Ps. 145:10,11,12**NOÛ PRAAT DIE HERE ALLEEN**

Dit wat hierdie leiers heelyd poog om Christus as kontroversieel voor te stel, Jesus maak daaraan 'n einde. Nou praat die Here alleen. Jesus het nie nou net die Fariseërs se beperkte denke blootgelê nie, maar die Here kyk dwarsdeur hulle. Die Here wys hoe skynheilig hulle is, hoe dit eintlik maar net daarvoor gaan dat hulle deur mense bewonder wil word. Dit gaan nie vir hierdie leiers werklik oor God nie, dit gaan oor hulleself, hulle wat graag soveel aansien wil geniet...

**KATKISASIE—** Geen katkisasieKatkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by <http://bit.ly/JQjBz4>**TWEEDE EREDIENS (10h30)****Skriflesing:** Spreuke 27; Mattheus 5:21-22; Openbaring 6:1,8**Kategismus:** Sondag 40**Teks:** Spreuke 27:4**Sing:** Ps. 66:1; Ps. 72:1,2; Ps. 79:1,2,7,9**DIT ALLES IS HEIMLIKE MOORD**

Op verskillende maniere is daar bloed wat vloei. Uit ons belydenis kyk ons na die bloed wat uit die hart vloei. Daarna, die bloed wat met woorde vloei. Laastens, bloed wat uit die hande vloei.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tettol>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee.

Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan

gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>**Predikant:**

Ds. Petrus Venter  
012- 3356130  
0847042348 (P) 0845119620(C)  
[pjventer@gkpretoria.org.za](mailto:pjventer@gkpretoria.org.za)  
9 de Laan 880  
Wonderboom-Suid  
[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

**Diensbeurt vandag Wyke 1 en 2 (sluit in susters skinkbeurt)**

Ouderlinge: Deon Vosloo en Koos v/d Merwe

Diakens: Pieter Wolmarans en André Koen

**Diensbeurt (11/05) (Wyke 4 en 25)**

Ouderlinge: Steve Joubert en Frik Eloff

Diakens: Johan Wolmarans en Wynand Du Venage

**DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...**

**Sr Joey Klomp** wie in hierdie tyd in die hospitaal was word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Br Adriaan Boersma** wat 'n groot operasie moes ondergaan word volle herstel toegebied. Ons bid dat hy volkome genees hierdeur mag gaan. **Sr Muriel Erasmus** wat ook weer terugslae in haar gesondheid gehad het word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Br Dries de Ridder** bly in ons gebede in sy swaarkry en benoudheid. Ons broeder gaan deur baie swaar tye. **Br Danie Theunissen** se broer (tegelyk **sr Susan Nienaber se swaer**) is baie ernstig siek. Ons bid vir hierdie families in hierdie tyd. **Sr Margaretha Coetzee** word volledige herstel toegebied na haar knieervanging operasie. **Sr Janet Rieker** wat geval en haar enkel op drie plekke gebreek het, word aan die genadetroon van die Here opgedra. Ons is dankbaar vir die operasie wat reeds kon plaasvind. Ons vertrou dat die tyd van genesing geseënd mag wees. Sy is tans op die stadium by haar dogter in Bloemfontein. **Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deurgaan bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan sr Henta wat hom moet bystaan. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. **Sr Marie du Rand** vroeër van ons gemeente, nou in Gobabis moet baie dringend haar woonstel in Prestige park verhuur kry. n Baie ruim woonstel in die gesogte blok is beskikbaar teen R4500 per maand

**65+ FUNKSIE**

Daar sal weer DV op 17 Mei 'n byeenkoms van die 65+ lidmate wees. Dit vind by ons kerkgebou plaas. Almal wat graag wil kom, moet die kosterwoning skakel. (012-3233194/ 0823426178) U kan ook as u vervoer benodig dit aan br Flip/sr Marietjie deurgee. Die tema is RAAI raai! Die tyd is 9h30 vir 10h00.

<b>Vandag: 1ste diens</b>	DVB	Zambië
<b>2de diens</b>		Intand-houding
<b>11/05/2014 1ste diens</b>	DVB	Sustentasie
<b>2de diens</b>	DVB	Intand-houding

**DAGBOEK**

DATUM	GEBEURTENIS
<b>15/05</b>	Oudl vergd
<b>18/05</b>	Voorbereiding
<b>25/05</b>	Nagmaal
<b>29/05</b>	Hemelvaart (Erediens 18h30)

**GEMEENTE-KAMP**

Ons wil graag almal se aandag vestig op die gemeentekamp wat DV hierdie jaar die naweek van 19-21 Sept. gehou sal word. Die nodige besonderhede is alles op die kennisgewingbord aangebring. Dit is belangrik dat ons vroegtydig die name inkry en die nodige bespreking maak. Die plek wat ons die jaar na wil gaan is pragtig maar daar is blykbaar beperkte plek. Ons is dankbaar vir br Boere wat weer vir ons die reëlings hierrondom in plek kry. Hy kan gekontak word by 0834823303

**SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS**

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderkuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderkuis gevind.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

**KOLLEKTE**

**DIE EVANGELIE: MATTHEÛS**

*Vervolg van verlede week*

**MATTHEÛS 16**

**16:2-3, mooi weer . . . stormweer** – In Sy goddelike wysheid gee Jesus weereens 'n volmaakte antwoord, vanuit 'n volmaakte voorbeeld. Vir Hom is daar geen moeite in om die Fariseërs te weerlê nie. Hy gaan nie na die Ou Testament toe, soos tevore nie, maar neem 'n voorbeeld uit die natuur. Hulle is baie “wys” om tekens van die weer te lees, maar nie in staat om die bewyse van belangriker dinge te sien nie, bv hoe Hy met prediking en wonders die duidelike vervulling is van die Skrifte. [ Dat Jesus hierdie voorbeeld gebruik, wys hoe oud die bekende seemans-gesegde is: “Red at night, sailor’s delight. Red in the morning, sailors take warning.” ]

*In 'n artikel van Totius , waarin vers 3 gebruik word, was hy besig om perspektief te gee op die wêreldgebeure tydens die 1e Wêreldoorlog (1915): Jesus se antwoord aan die Fariseërs gaan nie oor blote kennis van die natuur nie. Jesus gebruik die beeld om die vraag na 'n teken teen die Fariseërs te draai. Hulle soek na tydelike tekens, maar daar is belangriker tekens om voor uit te kyk. Totius bring ons by die vermaning dat die gelowiges waaksaam en biddend moet bly. Hulle moet na die Wederkoms uitsien. Soek na die tekens van die tye, en nie onbelangrike tekens, soos sensasie-soekers, nie.*

*Soos in Jona se tyd Nineve net vir 'n tyd geluister het, en die prediking dan weer vergeet het, is die geval met die Jode. Die berou van Nineve was van korte duur en die verval het voortgegaan. Al antwoord Jesus die Fariseërs, moes die Dissipels ook luister: Hulle sou later die gelowiges moes lei om uit te sien na die uiteindelijke oorwinning – hulle moes nie so in die aardse dinge opgaan, dat die belangriker sake vergete gaan nie.*

**16:4, slegte en owerspelige geslag** – Israel se ongelowige wegbreek van God se paaië word in die Ou Testament dikwels as owerspel bestempel. **die teken van Jona** – Met hierdie verwysing na die Ou Testament, herinner Jesus die mense aan wat Hy reeds vir hulle gesê het toe hulle tevore al 'n teken gevra het ( **12:39-41** ).

Omdat Hy hulle dus reeds hierop geantwoord het, gaan Hy eenvoudig van hulle af weg. Hulle sal en wil nie verstaan dat Jona profeties was van Sy

dood en opstanding nie.

**16:5, vergeet om brode saam te neem** – Dit kon baie maklik gebeur, omdat Jesus so baie - en soms seker onverwags – vertrek het na 'n volgende plek.

**16:6-7, suurdeeg van die Fariseërs** – Die Here gebruik die feit dat brood weer ter sprake kom, om 'n volgende lering te bring: Julle het pas weer die Fariseërs in aksie gesien. Julle sien nie die ware geestelike en profetiese in die Skrifte raak nie. Hulle is gevaarlike “leraars”. Oppas vir hulle ! Die dissipels dink dat Hy waarsku dat hulle nie brood by Fariseërs moet koop nie. Hulle besef eers nie dat Hy met 'n totaal ander saak besig is nie, maar dink net aan hulle nalatigheid om vir kos te sorg. Paulus volg Christus later met die beeld van die suurdeeg (Gal 5:9; 1 Kor 5:7). Christus het aan die eenkant die Fariseërs se bederwende leer as 'n gevaarlike suurdeeg onder die volk bestempel, en later weer gesê dat ons, weer, soos 'n gesonde suurdeeg die wêreld moet deursuur.

**16:8-12, Wat redeneer julle ?** Eers word die Dissipels geantwoord oor hulle kwessie met die brood. Hy het hulle tog al geleer dat hulle hul nie moet bekommer oor die dag van môre nie. God sorg immers beter vir hulle as vir die lelies, die gras en die mossies. Sagkens word hulle net daarop gewys hoe Christus selfs duisende mense by twee geleenthede gevoed het uit feitlik niks. Kan Hy dan nie vir hulle klompie sorg nie ? Begryp hulle nie dat Hy met 'n totaal ander saak besig is nie ?

Dan bring Hy hulle terug na die saak waaroor Hy hulle nou wil leer. Hulle begryp dan dat Hy hulle waarsku teen die leer van die Fariseërs.

**16:13, Wie sê die mense ?** Teenoor die uiterlike blinkheid van die heidendom met hulle afodstempele, bring Christus die Dissipels hierdie vraag. Daar was in die gebied 'n grot wat afgesonder is vir die verering van die “natuurgod”, Pan. Hulle word juis hier gedring om dieper oor Hom en Sy werk te begin dink. *Daar was selfs 'n tempel aan die Romeinse afgod-keiser (die Caesar) gewy in daardie gebied.*

In hierdie heidense gebied wil Hy hulle tot 'n belydenis lei.

*Word vervolg*

**HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-**

*20 Apr. 1820– Port Elizabeth word aangelê; 22 Apr. 1858– Ds. Dirk Postma vertrek met die Estafette uit die hawe Nieuwe Diep na Suid-Afrika; 23 Apr. 1928– Doc Immelman gebore; 25 Apr. 1901– Carel Trichardt oorlede; 29 Apr. 1875– Tweede trek na Damaraland ; 1 Mei 1860– Hoofsetel van die ZAR verskuif vanaf Potchefstroom na Pretoria; 1 Mei 1882– Hollands toegelaat in Kaapse parlement; 5 Mei 1861– Ingebruikneming van eerste kerkgebou in Burgersdorp; 5 Mei 1975– SAUK begin met proef televisie-uitsendings in SA; 7 Mei 1880– tweetoringkerk in Bloemfontein in gebruik geneem; 9 Mei 1872– Danie Theron gebore; 9 Mei 1883– Paul Kruger as staatspresident ingesweer; 10 Mei 1945– Sanger Koos du Plessis gebore; 12 Mei 1898– Paul Kruger die laaste keer as staatspresident ingesweer; 12 Mei 1652– Die eerste Nagmaal in SA bedien deur ds. J Backerus; 12 Mei 1859– Gerf kerk Reddersburg gestig; 14 Mei 1699– Goew Rijk Tulbach gebore; 14 Mei 1996– Skrywer Elsabe Steenberg oorlede; 22 Mei 1875– Dr. DF Malan gebore; 22 Mei 1879– Ds. Dirk Postma as Teol prof. bevestig; 28 Mei 1911– Ds. SJ du Toit oorlede*